



God is altyd by en
met jou in jou
eensaamheid/
alleenheid!

Voel jy soms alleen, of dalk bang vir die pad vorentoe?

Rom 5:1-11 leer ons en gee vir ons sekerheid in Jesus Christus:

1. Wie is God eintlik vir die gelowige?

- God is 'n God van liefde.
- Vs 8 is die kernpunt van sy genade en liefde vir ons: Christus het vir ons gesterf toe ons nog sondaars was
 - Dit gee aan ons as sy kinders sekerheid, vrede en hoop wat ons verlede, hede of toekoms betref.
 - Dit gee aan die gelowige sekuriteit en waarde: Daar is 'n genadige God wat my in Christus onvoorwaardelik liefhet.
 - * Dit maak nie saak in watter omstandighede ek myself bevind nie,
 - * **God het my lief** waar ek ookal mag wees:
 - ◇ In die put of moeras van die lewe, veral na 'n egskeiding/dood van 'n lewensmaat of
 - ◇ selfs in enige beproewing.
 - ◇ maar ook as ek op die kruin van my lewe is!

2. Wie is ek vir God ?

- a. Ek is duurgekoop
- b. Ek is kosbaar en uniek in die oë van die Here, maak nie saak of ek al misluk het in die lewe nie, of onder watter omstandighede ek verkeer nie.
- c. God het my lief **waar ek ookal mag wees**. (I.w. nie soos ek is nie, want ons bly almal sondaars, daar is altyd geleentheid vir verbetering.)

- ◇ al het wat ookal met my gebeur
- ◇ al voel ek ek het misluk
- ◇ al voel ek hoe verneder
- ◇ al voel ek dat ek my Vader in die hemel teleurgestel het
- ◇ al vrees ek en voel minderwaardig weens my sonde

d. God het my so lief dat Hy **sy eie seun gestuur het** om vir my sondes aan die kruis te sterf.

- Hy sal my nooit laat los nie.
- Ek bly Sy eiendom----die Kruis is die teken daarvoor.
- Die Here is altyd by en met my.

Hou hieraan vas!

As ek weet

- dat ek aan die Here behoort
- dat Hy vir my lief is
- dat Hy 'n liefdevolle Vader is met wie ek enige oomblik kan praat

Vir wat hoef ek te vrees?

Vir wat hoef ek bang te wees?

Ek weet mos dat Hy my sal vashou, my sal dra, altyd by en met my sal wees!

Hy sal my nooit alleen laat nie.

Want in Jesus Christus behoort ek vir ewig aan Hom.

Wat 'n voorreg, wat 'n genade!

Hou hieraan vas!



Publikasie
Publication



Nr./No.: H56